2. Sonder om afbreuk te doen aan enige bepaalde plig wat gebruikers van masjinerie deur die Wet opgelê word, moet die gebruiker geïsoleerde stellasies, bokke, matte, en sodanige ander beskermende uitrusting wat nodig mag wees om ongelukke te voorkom, kosteloos verskaf en in goeie toestand onderhou, vir gebruik deur persone wat werk verrig aan of in die onmiddellike nabyheid van lewendige elektriese masjinerie of aan elektriese masjinerie wat dood is maar lewendig kan word.

Werk aan ontkoppelde elektriese masjinerie

3. Sonder om afbreuk te doen aan enige bepaalde plig wat gebruikers van masjinerie deur die Wet opgelê word, moet die gebruiker wanneer werk aan enige elektriese majinerie wat van alle elektriese energie-bronne ontkoppel is verrig moet word, maar wat moontlik 'n elektriese lading kan ontvang of behou, doelmatige voorsorg tref deur aarding of ander middels om sodanige elektriese masjinerie of enige aangrensende elektriese masjinerie te laat ontlaai as daar gevaar daarvandaan kan kom, voordat dit gehanteer word, en te voorkom dat enige elektriese masjinerie gelaai of lewendig gemaak word terwyl persone daaraan werk.

Kennisgewings

4. Sonder om afbreuk te doen aan enige bepaalde plig wat gebruikers van masjinerie deur die Wet opgelê word, moet die gebruiker ondergenoemde kennisgewing in albei amptelike tale laat aanbring binne en by alle aangewese toegange van persele waarop elektriese masjinerie geleë is:

(a) 'n Kennisgewing wat ongemagtigde persone verbied om sodanige persele binne te gaan;

(b) 'n kennisgewing wat ongemagtigde persone verbied om elektriese masjinerie te hanteer of daaraan te peuter;

(c) 'n kennisgewing met aanwysings betreffende optrede in geval van brand; en

(d) 'n kennisgewing met aanwysings oor hoe om persone by te bring wat aan die gevolge van elektriese skok ly.

(vii) "electrical installation" means an electrical installation as defined in regulation 1 of the regulations published by Government Notice R. 2270 of 11 October 1985;

(viii) "insulated" means covered with insulating material of such thickness and properties suited to the particular application, that it will prevent the transmission of electrical energy between the object so covered and its surroundings or any external object in contact with it;

(ix) "live" or "alive" means at an electrical potential of more than 50 V to earth;

(x) "overhead service connections" means the overhead conductors between the supplier's mains and the consumer's electrical installation;

(xi) "supplier" means a supplier as defined in regulation 1 of the regulations published by Government Notice R. 2270 of 11 October 1985;

(xii) "system" means an electrical system in which all the conductors and devices are electrically connected to a common source of electric energy;

(xiii) "the Act" means the Machinery and Occupational Safety Act, 1983 (Act 6 of 1983);

(xiv) "voltage" means the difference of electrical potential between any two conductors or between a conductor and earth.

Safety equipment

2. Without derogating from any specific duty imposed on users of machinery by this Act, the user shall provide free of charge and maintain in good condition, insulated stands, trestles, mats, and such other protective equipment as may be necessary to prevent accidents, for use by persons engaged in working on or in close proximity of live electrical machinery or dead electrical machinery which may become alive.

Work on disconnected electrical machinery

3. Without derogating from any specific duty imposed on users of machinery by this Act, the user shall whenever work is to be carried out on any electrical machinery which has been disconnected from all sources of electrical energy, but which is liable to acquire or to retain an electrical charge, cause adequate precautions to be taken by earthing or other means to discharge the electrical energy to earth from such electrical machinery or any adjacent electrical machinery if there is danger therefrom, before it is handled and to prevent any electrical machinery from being charged or made alive whilst persons are working thereon.

Notices

4. Without derogating from any specific duty imposed on users of machinery by this Act, the user shall cause the following notices in both official languages to be exhibited within the premises at all designated entrances of premises, on which electrical machinery is situated:

(a) A notice prohibiting unauthorised persons from entering such premises;

(b) a notice prohibiting unauthorised persons from handling or interfering with electrical machinery;

(c) a notice containing directions as to procedure in case of fire; and

(d) a notice containing directions as to resuscitation of persons suffering from the effects of electric shock.

Skakel en transformator persele

5. (1) Die gebruiker moet toesien dat skakel en transformator persele—

(a) groot genoeg is om voldoende vry werkruimte te verskaf vir bedienings- en onderhoudspersoneel en voldoende geventileer is ten einde die uitrusting op 'n veilige temperatuur te hou;

(b) vir sover doenlik so gebou is dat dit bestand is teen knaagdiere, lekkasies, syfering en oorstroming;

(c) waar doenlik voorsien is van voldoende verligting ten einde gevaar vir persone te voorkom, en om dit moontlik te maak dat alle uitrusting duidelik onderskei word, en alle instrumente, etikette en kennisgewings maklik gelees kan word;

(d) deure het wat maklik van binne oopgemaak kan word en wat buitekant toe oopgaan;

(e) voorsien is van doelmatige brandblustoestelle wat vir gebruik op elektriese masjinerie geskik is en hy moet toesien dat hulle in goeie werkende toestand gehou word: Met dien verstande dat in die geval van onbemande persele geskikte brandblustoestelle op sodanige persele beskikbaar gestel moet word slegs wanneer werk daaraan of daarin aan die gang is.

(2) Niemand anders as 'n persoon wat deur die gebruiker gemagtig is mag skakel- of transformatorpersele binnegaan of deur die gebruiker verplig of toegelaat word om sulke persele binne te gaan nie tensy alle lewendige geleiers wat nie doelmatig teen onopsetlike aanraking geïsoleer is nie, doeltreffend afgeskerm is: Met dien verstande dat die gemagtigde persoon deur enige ander persoon wat onder sy toesig handel bygestaan mag word.

Elektriese beheeruitrusting

6. (1) Die gebruiker moet alle elektriese masjinerie voorsien van geskikte beskermende toestelle wat vir sover doenlik in staat moet wees om die kragtoevoer outomaties te isoleer ingeval 'n defek aan sodanige elektriese masjinerie ontwikkel en so ingerig moet wees dat dit die maksimum veiligheid van persone verseker.

(2) Geen gebruiker mag 'n skakelaar, stroombreker of sekering in die neutrale geleier van 'n veelfasige wisselstroom of driedraad-G.S.-distribusiestelsel plaas nie tensy sodanige skakelaar, stroombreker of sekering so ingerig is dat dit al die fasegeleiers en die neutrale geleier tegelyktertyd isoleer: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie ook 'n isoleerskakel op die neutrale geleier insluit wat vir toetsdoeleindes geïnstalleer is nie.

(3) Die gebruiker moet, waar dit ook al doenlik is skakelgerei verskaf met 'n gegrendelde toestel so ingerig dat die deur of deksel van die skakelaar nie oopgemaak kan word nie tensy die skakelaar in die "af"-posisie is en dat dit nie aangeskakel kan word nie tensy die deur of deksel gesluit is.

(4) Die gebruiker moet alle skakelaars en beskermende toestelle doelmatig en permanent merk of etiketteer, ten-einde die stelsel of deel van die stelsel of die elektriese masjinerie wat dit beheer, te onderskei en waar sodange elektriese masjinerie van voor en van agter bereikbaar is, moet dit sowel voorop as agterop gemerk word.

(5) Die gebruiker moet 'n kennisgewing laat aanbring by skakel of beheeruitrusting wat afgeskakel en vergrendel is om persone in staat te stel om aan elektriese masjinerie of ander masjinerie wat met elektrisiteit werk en wat met sodanige skakel of beheeruitrusting beheer word, te werk, wat teen die aanskakeling van sodanige skakel of beheeruitrusting waarsku, en geen persoon mag in stryd met sodanige waarskuwing optree nie.

Switch and transformer premises

5. (1) The user shall cause switch and transformer premises—

(a) to be of ample size so as to provide adequate clear working space for operating and maintenance personnel and to be sufficiently ventilated so as to maintain the equipment at a safe working temperature;

(b) to be as far as practicable so constructed as to provide proof against rodents, leakage, seepage and flooding;

(c) where possible to be provided with adequate lighting so as to prevent danger to persons and to enable all equipment to be clearly distinguished and all instruments, labels and notices to be easily read;

(d) to have doors which can be readily opened from the inside, opening outwards; and

(e) to be provided with adequate fire extinguishing appliances suitable for use on electrical machinery and to cause them to be maintained in good working order: Provided that, in the case of unattended premises, suitable fire extinguishing appliances need only be made available at such premises when work is in progress thereon or therein.

(2) No person other than a person authorised thereto by the user shall enter or be required or permitted by the user to enter switch and transformer premises unless all live conductors which are not insulated against inadvertent contact are screened off adequately: Provided that the person so authorised may be assisted by any other person acting under his control.

Electrical control gear

6. (1) The user shall cause all electrical machinery to be provided with suitable protective devices which shall as far as practicable be capable of automatically isolating the power supply in the event of a fault developing on such electrical machinery and so arranged as to ensure the maximum safety of persons.

(2) No user shall cause a switch, circuit breaker or fuse to be placed in the neutral conductor of a poly-phase alternating current or three wire direct current distribution system unless such switch, circuit breaker or fuse is so arranged as to isolate all phase conductors and the neutral conductor simultaneously: Provided that this shall not include an isolating link on the neutral, for test purposes.

(3) The user shall, whenever practicable, cause switchgear to be provided with an inter-locking device so arranged that the door or cover of the switch cannot be opened unless the switch is in the off position and that it cannot be switched on unless the door or cover is closed.

(4) The user shall cause all switches and protective devices to be suitably and permanently marked or labelled so as to identify the system or part of the system or the electrical machinery which it controls and where such electrical machinery is accessible from the front and the back these markings shall be on both the front and the back.

(5) The user shall cause a notice to be posted at switch- or controlgear which has been switched and locked to enable persons to work on electrical machinery or other machinery operated by electricity and controlled by such switch or control gear, warning against re-closing such switch or control gear and no person shall act contrary to such warning.

Skakelborde

7. Die gebruiker moet sorg dat daar vir bedienings- en onderhoudspersoneel 'n vrye ruimte van minstens 1,2 m agter van alle skakelborde is en voldoende vrye ruimte aan die voorkant. Hierdie ruimtes moet op geen wyse hoegenaam versper word nie en die ruimte aan die agterkant moet toe en gesluit gehou word behalwe vir die doel van inspeksie, veranderings of herstelwerk: Met dien verstande dat dit nie van toepassing is nie in die geval van—

(a) skakelborde wat geen ongeïsoleerde geleiers het wat van die agterkant toeganklik is nie;

(b) skakelborde waarvan die skakeluitrusting totaal ingeslote is;

(c) skakelborde waarvan die agterkant slegs bereik kan word deur 'n opening in die muur of afskorting waarteen hulle staan, en sulke openings moet toe en gesluit gehou word;

(d) skakelborde waarvan alle onderdele vanaf die voorkant bereik kan word en veilig en doeltreffend vanaf die voorkant onderhou kan word; en

(e) skakeluitrusting vir spannings wat normaalweg nie 250 V te bowe gaan nie.

Elektriese masjinerie in gevaarlike plekke

8. (1) Die gebruiker van elektriese masjinerie wat gebruik word of gebruik sal word in plekke waar daar gevaar van brand of ontploffing bestaan weens die aanwesigheid, voorkoms of ontwikkeling van ontplofbare of vlambare artikels, of waar ontplofbare artikels vervaardig, gehanteer of gebêre word, moet sorg dat sodanige elektriese masjinerie gekies word met betrekking tot die konstruksie daarvan ooreenkomstig 'n veiligheidstandaard wat kragtens artikel 36 van die Wet by hierdie regulasies ingelyf is.

(2) Die gebruiker moet in besit wees van 'n sertifikaat in 'n vorm wat vir die hoofinspekteur aanvaarbaar is en wat uitgereik is deur 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid waarin die veiligheidstandaard waarvolgens die elektriese masjinerie vervaardig is, gesertifiseer word: Met dien verstande dat 'n inspekteur permanente etikettering wat die veiligheidstandaard en die groepe gevaarlike artikels waarvoor die elektriese masjinerie getoets is mag goedkeur.

(3) Wanneer uiteenlopende elektriese masjinerie soos motore kabels en beheeruitrusting saam gebruik word, moet die gebruiker sorg dat die keuse, rangskikking, installering, beskerming, onderhoud en bediening daarvan nie minder veilig is nie as wanneer die individuele items van sodanige masjinerie een vir een gebruik word.

(4) Die gebruiker moet sorg dat elektriese masjinerie slegs onder toestande en sodanige omstandighede gebruik word as wat die veiligheidstandaard, waarvolgens die sertifikaat wat kragtens subregulasie uitgereik is, voorskryf.

(5) Niemand mag herstelwerk of verstelwerk aan elektriese masjinerie doen of werk verrig onder toestande wat kragtens hierdie regulasie beoog is nie tensy sodanige masjinerie dood gemaak is en doeltreffende stappe gedoen is om te verseker dat sodanige masjinerie dood bly.

(6) Waar die moontlikheid ook al bestaan van die vorming van statiese elektrisiteit onder werktoestande, moet die gebruiker doelmatige stappe doen om alle metaalagtige strukture, masjienonderdele, kanale van lugtransportinrigtings, pyplyne wat vlambare artikels en sulkes vervoer, te aard of sodanige ander maatreëls tref as wat nodig is om die vorming van elektriese vonke doeltreffend te voorkom.

(7) Die gebruiker moet toesien dat alle elektriese masjinerie waarop hierdie regulasie betrekking het met tussenposes van hoogstens twee jaar deur 'n persoon wat die kundigheid en ervaring het wat noodsaaklik is om die gevare verbonde aan elektriese masjinerie in gevaarlike plekke te ondersoek

Switchboards

7. The user shall cause all switchboards to have at the back a clear space of at least 1,2 m and sufficient clear space in front for operating and maintenance personnel which space shall not be obstructed in any manner and the space at the back shall be kept closed and locked except for the purpose of inspection, alteration or repair: Provided that this shall not apply in the case of —

(a) switchboards which have no uninsulated conductors accessible from the back;

(b) switchboards, the switchgear of which is of a totally enclosed construction;

(c) switchboards, the backs of which are only accessible through an opening in the wall or partition against which they are placed, such openings being kept closed and locked;

(d) switchboards which can be safely and effectively maintained from the front and have all parts accessible from the front; and

(e) switchgear for a voltage normally not exeeding 250 V to earth.

Electrical machinery in hazardous locations

8. (1) The user of electrical machinery used or to be used in locations where there is danger of fire or explosion due to the presence, occurrence or development of explosive or flammable articles, or where explosive articles are manufactured, handled or stored, shall cause such electrical machinery to be selected with regard to its construction in accordance with a safety standard incorporated into these regulations under section 36 of the Act.

(2) The user shall be in possession of a certificate in a form acceptable to the chief inspector and issued by an approved inspection authority in which the safety standard according to which the electrical machinery was constructed shall be certified: Provided that an inspector may approve of permanent labelling which identifies the safety standard and groups of hazardous articles for which the electrical machinery has been tested.

(3) When diverse electrical machinery such as motors, cables and control gear are used together, the user shall cause the selection, arrangement, installation, protection, maintenance and working thereof to result in no lesser a degree of safety than when the individual items of such machinery are used separately.

(4) The user shall cause electrical machinery to be used only under conditions and in such surroundings as the safety standard in accordance with which the certificate issued in terms of subregulation (2) prescribes.

(5) No person shall effect repairs or adjustments or otherwise work on electrical machinery under conditions envisaged by this regulation unless such machinery has been rendered dead and effective measures have been taken to ensure that such machinery remains dead.

(6) Wherever there is the possibility of the formation of static electricity under working conditions, the user shall cause effective measures to be taken to earth all metallic structures, machine parts, pneumatic conveyor ducts, pipelines conveying flammable articles and the like or take such other measures as may be necessary to effectively prevent the formation of electric sparks.

(7) The user shall cause all electrical machinery to which this regulation applies to be examined by a person who has the knowledge and experience necessary to assess the hazards associated with electrical machinery in hazardous locations at intervals not exceeding two years and the person

en daardie persoon wat die ondersoek uitvoer moet die resultate van sodanige ondersoek aanteken in 'n verslagboek wat vir die doel deur die gebruiker gehou moet word en hy moet elke sodanige verslag onderteken: Met dien verstande dat waar sodanige masjinerie onderworpe is aan ongunstige fisiese of weersomstandighede moet die frekwensie van ondersoeke vermeerder word.

Verplaasbare elektriese gereedskap

9. (1) Geen gebruiker mag die gebruik van verplaasbare elektriese gereedskap waarvan die werkspanning 50 V te bowe gaan toelaat nie en niemand mag sodanige gereedskap gebruik nie tensy—

(a) dit verbind is met 'n elektriese energiebron wat toegerus is met 'n beskermingstoestel teen aardlekkasie van 'n konstruksie wat voldoen aan die vereistes van 'n veiligheidstandaard wat kragtens artikel 36 van die Wet by hierdie regulasies ingelyf is; of

(b) dit verbind is met 'n elektriese energie-bron deur die tussenvoeging tussen elke stuk gereedskap en die bron van 'n individuele dubbelgewikkelde isoleertransformator waarvan die sekondêre wikkeling nie op enige punt geaard is nie en die konstruksie daarvan voldoen aan die vereistes van 'n veiligheidstandaard wat kragtens artikel 36 van die Wet by hierdie regulasies ingelyf is; of

(c) dit verbind is met 'n elektriese energie-bron van hoë frekwensie verkry van 'n generator wat uitsluitlik gebruik word om energie aan sodanige verplaasbare elektriese gereedskap te verskaf en sodanige reëling deur die hoofinspekteur goedgekeur is; of

(d) dit duidelik gemerk is dat dit vervaardig is met dubbel of versterkte isolasie.

(2) Niemand mag 'n verplaasbare elektriese gereedskap wat met dubbel of versterkte isolasie soos verwys in subregulasie (1) (d) vervaardig is verkoop nie, tensy—

(a) dit duidelik gemerk is dat dit vervaardig is met sodanige isolasie; en

(b) dit vervaardig is ooreenkomstig 'n veiligheidstandaard wat kragtens artikel 36 van die Wet by hierdie regulasies ingelyf is.

Draagbare elektriese ligte

10. (1) Geen gebruiker mag vereis of toelaat dat 'n persoon 'n draagbare elektriese lig waarvan die werkspanning 50 V oorskry gebruik nie en geen persoon mag so 'n lig gebruik nie tensy—

(a) dit toegerus is met 'n handvatsel wat sterk is en wat van nie-higroskopiese, nie-geleidende materiaal gemaak is;

(b) alle lewendige metaaldele of dele wat lewendig mag word weens 'n defekte stroomkring, geheel en al teen onopsetlike aanraking beskerm is;

(c) die lamp beskerm is deur middel van 'n sterk skerm wat stewig in die geïsoleerde handvatsel vasgesit is;

(d) die kabelinleier sodanig is dat ruwe gebruik vir sover doenlik sonder weiering of beskadiging aan die isoleermiddel weerstaan kan word.

(2) Geen gebruiker mag vereis of toelaat dat enige persoon en geen persoon mag in nat of klam plekke, of in beperkte ruimtes binne-in metaalhouers, of oor die algemeen in aanraking met groot massas metaal, 'n draagbare elektriese lig gebruik nie tensy, benewens die vereistes van subregulasie (1), die lamp gekoppel is aan 'n elektriese energie-bron wat toegerus is met 'n aardlekkasiebeveiligingstoestel die konstruksie waarvan voldoen aan die vereistes van 'n veiligheidstandaard wat kragtens artikel 36 van

carrying out the examination shall enter the results of such examination in a record book which shall be kept by the user for this purpose and shall date and sign each such entry: Provided that where such machinery is subjected to adverse climatic or physical conditions more frequent examinations shall be carried out.

Portable electric tools

9. (1) No user shall permit the use of and no person shall use a portable electric tool the operating voltage of which exceeds 50 V to earth unless—

(a) it is connected to a source of electrical energy incorporating an earth leakage protection device, the construction of which meets the requirements of a safety standard incorporated into these regulations under section 36 of the Act; or

(b) it is connected to a source of electrical energy through the interposition between each tool and the source of an individually double wound isolating transformer, the secondary winding of which is not earthed at any point and the construction of which meets the requirements of a safety standard incorporated into these regulations under section 36 of the Act; or

(c) it is connected to a source of high frequency electrical energy derived from a generator which is used solely for supplying energy to such portable electric tool and which arrangement is approved by the chief inspector; or

(d) it is clearly marked that it is constructed with double or re-inforced insulation.

(2) No person shall sell a portable electric tool constructed with double or re-inforced insulation referred to in subregulation (1) (d) unless—

(a) it is clearly marked that it is constructed with such insulation; and

(b) it is constructed in accordance with a safety standard incorporated into these regulations under section 36 of the Act.

Portable electric lights

10. (1) No user shall require or permit any person to, and no person shall use, a portable electric light the operating voltage of which exceeds 50 V unless—

(a) it is fitted with a handle which is robust and made of non-hygroscopic, non-conducting material;

(b) all live metal parts or parts which may become alive due to a faulty circuit, are completely protected against accidental contact;

(c) the lamp is protected by means of a substantial guard firmly fixed to the insulated handle;

(d) the cable lead-in is such that rough usage can be withstood without failure or damage to the insulation as far as practical.

(2) No user shall require or permit any person to, and no person shall, use a portable electric light in wet or damp situations, or in closely confined spaces inside metal vessels, or in general contact with large masses of metal unless, in addition to the requirements contained in subregulation (1), the lamp is connected to a source of electrical energy incorporating an earth leakage protection device, the construction of which meets the requirements of a safety standard incorporated into these regulations under section 36 of

die Wet by hierdie regulasies ingelyf is of die werkspanning van die lamp hoogstens 50 V is en waar die elektriese energie van 'n transformator verkry word, moet sodanige transformator aparte wikkelinge hê.

Elektriese heinings

11. Geen gebruiker mag die gebruik toelaat en geen persoon mag 'n elektriese heining wat in 'n elektriese heining reëlaar opgeneem is en wat bestem is om regstreeks verbind te word aan 'n elektriese energie-bron waarvan die spanning meer as 50 V is, gebruik tensy dit vervaardig is ooreenkomstig 'n veiligheidstandaard wat kragtens artikel 36 van die Wet by hierdie regulasies ingelyf is.

Inspeksie-owerheid

12. (1) Die hoofinspekteur kan enige organisasie wat die voorgeskrewe funksies ten opsigte van die vervaardiging of toesig van elektriese masjinerie uitvoer as 'n inspeksie-owerheid goedkeur.

(2) Die hoofinspekteur kan vereis dat 'n organisasie soos bedoel in subregulasie (1) aan hom sodanige besonderhede voorlê van sy tegniese uitrusting en middels, die omvang van die kwalifikasies en ondervinding van sy personeel en sodanige ander sake as wat hy nodig ag.

(3) Enige goedkeuring van 'n inspeksie-owerheid deur die hoofinspekteur kan te enige tyd ingetrek word.

Aarding

13. (1) Die gebruiker moet toesien dat—

(a) dakke, geute, geutpype en vuilwaterpype op persele waaraan elektriese energie verskaf word, geaard is, behalwe waar—

(i) die werkspanning 50 V nie te bowe gaan nie;

(ii) dakke gemaak is van nie-geleidende materiaal of metaal-dakke wat bedek is met 'n nie-geleidende materiaal;

(iii) geute, geutpype en vuilwaterpype gemaak is van nie-geleidende materiaal, of geute en geutpype geheg aan 'n metaaldak wat bedek is met 'n nie-geleidende materiaal; en

(b) alle toeganklike metaaldele van elektriese masjinerie wat, hoewel hulle normaalweg nie deel van 'n elektriese kring uitmaak nie, per ongeluk lewendig mag word, beskerm is deur 'n isolasie-bedekking of deur ander doelmatige middels of geaard is, uitgesonderd—

(i) metaal in aardvrye plekke behalwe lengtes metaal bedradingskanale en die nousluitende metaalomhulsel en -pantsering van kabels;

(ii) kort geïsoleerde lengtes dik metaalbuise gebruik vir die meganiese beskerming van kabels, waar sodanige kabels nie in die sekondêre kringe van bedradingskanale gebruik word nie;

(iii) kort, nie-blootgelegde, afsonderlike lengtes metaalbedradingskanale gebruik vir die meganiese beskerming van geïsoleerde drade wat deur mure, vloere, afskortings of plafonne gaan;

(iv) metaalwerk van vaste elektriese masjinerie waar sodanige metaalwerk meer as 2,5 m bokant die vloer is en nie geleë is nie op enige plek wat moontlik klam kan word of in die luikgat van 'n hyser of naby lopende masjinerie, of in aanraking met 'n muur, plafon of ander bestutting gemaak van of bedek deur geleidingsmateriaal;

the Act, or the operating voltage of the lamp does not exceed 50 V, and where the electrical energy is derived from a transformer such transformer shall have separate windings.

Electric fences

11. No user shall permit the use of and no person shall use an electric fence incorporating an electric fence controller, designed for direct connection to a source of electrical energy the voltage of which exceeds 50 V unless it is constructed in accordance with a safety standard incorporated into these regulations under section 36 of the Act.

Inspection authorities

12. (1) The chief inspector may approve of any organisation which performs the prescribed functions in regard to the manufacture or testing of electrical machinery as an inspection authority.

(2) The chief inspector may require an organisation contemplated in terms of subregulation (1) to submit to him such particulars of its technical equipment and resources, the extend of the qualifications and experience of its personnel and such other matters as he may deem necessary.

(3) Any approval of an inspection authority by the chief inspector may be withdrawn by him at any time.

Earthing

13. (1) The user shall cause—

(a) roofs, gutters, downpipes and waste-pipes on premises to which electrical energy is supplied to be earthed, except—

(i) where the operating voltage does not exceed 50 V;

(ii) where roofs are made of a non-conductive material or metal roofs covered by a non-conductive material;

(iii) where gutters, downpipes and waste-pipes are made of a non-conductive material or gutters and downpipes are attached to a metal roof which is covered by a non-conductive material; andf electical machinery which, though normaly not forming part of an electrical circuit may become alive accidentally, to be protected by an insulating covering or by other adequate means or to be earthed, except—

(i) metal in earth free situations other than runs of metal wireway and the close fitting metal sheathing and armouring of cables;

(ii) short isolated lengths of heavy-guage metal wireway used for the mechanical protection of cables where such cables are not used in the secondary circuits of discharge luminaire installations;

(iii) short, unexposed, isolated lengths of metal wireway used for the mechanical protection of insulated wiring passing through walls, floors, partitions or ceilings;

(iv) metalwork of fixed electrical machinery, where such metalwork is more than 2,5 m above the floor and is not situated in any position likely to become damp or in an elevator shaft, or near rotating machinery, or in contact with a wall, ceiling or other support constructed of or covered with conducting material;

(v) metaaldele van elektriese masjinerie, waar sulke dele ingesluit of afgeskerm is deur isolasiemateriaal sodat sulke metaaldele nie aangeraak kan word nie;

(vi) klampe, klemme, saals, of ander toestelle om bedradingskanale en kabels vas te sit;

(vii) kappe, weerkaatsers en skerms gestut op lamphouers of ontladingsarmature;

(viii) lampdoppe;

(ix) metaaldele op, of skroewe in of deur nie geleidende materiaal, en deur sodanige materiaal van stroomdraende dele en van geaarde niestroomdraende dele geskei op so 'n wyse dat hulle met normale gebruik nie lewendig kan word of in aanraking met geaarde dele kan kom nie.

(2) Indien die leweransier te eniger tyd deur middel van 'n toets van enige elektriese installasie op 'n perseel vind dat die dakke, geute, geutpype en vuilwaterpype soos bedoel in subregulasie (1) op die perseel of ontblote metaaldele van die elektriese installasie nie geaard is nie, moet die leweransier vereis dat die houer of eienaar van sodanige perseel die nodige aarding binne 'n vasgestelde tyd van hoogstens 30 dae aanbring en indien die houer of eienaar versuim om aan dié vereistes te voldoen, moet die leweransier die elektriese energie na sodanige perseel diskonnekteer en die energie nie heraansluit voordat die aarding tot sy bevrediging uitgevoer is nie: Met dien verstande dat hierdie vereiste nie van toepassing is nie op persele waarvan die Staat (met inbegrip van 'n provinsiale raad, die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en die Departement van Pos en Telekommunikasiewese) die eienaar is.

Stutte

14. Die leweransier of gebruiker moet toesien dat die stutte vir kraglyne so ontwerp word dat die volgende minimum veiligheidsfaktore verseker word:

(v) metal parts of electrical machinery where such parts are enclosed or shrouded by insulating material so that such metal parts cannot be touched;

(vi) cleats, clips, saddles, clamps or other devices for fixing wireways and cables;

(vii) shades, reflectors and guards supported on lamp holders or luminaires;

(viii) lamp caps;

(ix) metal parts on, or screws in or through non-conducting material, and separated by such material from current-carrying parts and from earthed non-current-carrying parts in such a way that in normal usage they cannot become live or come into contact with earthed parts.

(2) If, through a test by the supplier, at any time, of any electrical installation on a premises it is found that the roofs, gutters, downpipes and waste-pipes as contemplated in subregulation (1) of the premises or exposed metallic parts of the electrical installations are not earthed, the supplier shall require the occupier or owner of such premises to effect the necessary earthing within a fixed period of not more than 30 days and should the occupier or owner fail to comply with such requirements, the supplier shall disconnect the electrical energy to such premises and shall not reconnect such energy until the earthing has been carried out to his satisfaction: Provided that this requirement shall not apply to premises owned by the State (including a provincial council, the South African Transport Services and the Department of Posts and Telecommunications).

Supports

14. The supplier or user shall cause the supports for power lines to be designed to provide the following minimum factors of safety:

	Gebaseer op soortgetoetste breekvrag	Gebaseer op berekende breekvrag	Gebaseer op breukmodulus
Staaltralietorings en dwarsarms	2,5	2,5	—
Naatloosgetrokke staalpale	2,0	2,5	—
Gesweiste staalpale en staalpale met saal- of teleskooplasse	2,2	2,5	—
Ankersamestelling	2,5	2,5	—
Pale van gewapende slingerbeton	2,4	3,5	—
Struktuur en onderdele van meganies gevibreerde gewapende beton	2,5	3,5	—
Ander soort strukture en onderdele van gewapende beton	2,75	3,75	—
Houtonderdele nie ononderbroke belas nie	3,5	—	2,7
Houtonderdele onderworpe aan ononderbroke belasting	5,5	—	4,5

	Based on type-tested failing load	Based on calculated failing load	Based on modulus rupture
Steel lattice towers and cross-arms	2,5	2,5	—
Solid drawn steel poles	2,0	2,5	—
Welded steel poles and steel poles with swaged or telescopic joints	2,2	2,5	—
Stay assemblies	2,5	2,5	—
Reinforced concrete spun poles	2,4	3,5	—
Mechanically vibrated reinforced concrete structures and components	2,5	3,5	—
Other types of reinforced concrete structures and components	2,75	3,75	—
Wooden members not continuously loaded	3,5	—	2,7
Wooden members subjected to continuous loading	5,5	—	4,5

By berekening van die veiligheidsfaktore moet aangeneem word dat—

(a) daar geen gebreekte geleiers is nie;

(b) elke lyngeleier, kabel of draad wat deur die stut gedra word, 'n temperatuur van −5 °C het;

(c) lyngeleiers, saam met die stutte, onderwerp is aan 'n winddruk van 700 Pa.

In calculating the factors of safety it shall be assumed that—

(a) there are no broken conductors;

(b) every line conductor, cable or wire carried by the support is at a temperature of −5 °C;

(c) line conductors, together with the supports, are subjected to a wind pressure of 700 Pa.

In die geval van traliestrukture moet die oppervlakte vir die berekening van krag as gevolg van winddruk 1,5 maal die geprojekteerde oppervlakte van die dele aan een kant wees en in die geval van ronder, elliptiese of seshoekige pale, geleiers en drade moet die oppervlakte geneem word as 0.6 van die geprojekteerde oppervlakte.

Vry ruimtes van kraglyne

15. (1) Die leweransier of gebruiker moet sorg dat—

(a) die minimum vry ruimtes van elektriese geleiers en ander drade van kraglyne, behalwe in die geval van lubverbruiksaansluiting en lyngeleiers met 'n spanning van hoogstans 1,1 kV w.g.k. en wat bestaan uit geïsoleerde draad van 'n soort wat deur die hoofinspekteur goedgekeur is, nie minder is as die ruimtes wat in die volgende tabel aangedui word nie:

In the case of lattice structures the area for calculating the force due to wind pressure shall be 1,5 times the projected area of the members of one side and in the case of round, elliptical or hexagonal poles, conductors and wires the area shall be taken as 0,6 of the projected area.

Clearances of power lines

15. (1) The supplier or user shall cause—

(a) the minimum clearances of electric conductors and other wires of power lines, except in the case of overhead service connections and line conductors having a voltage not exceeding 1,1 kV r.m.s. and consisting of insulated wire of a type approved by the chief inspector, to be not less than the clearances indicated in the following table:

Maksimum spanning kV w.g.k. fase-tot-fase, waarvoor isolatore ontwerp is	Minimum vry ruimtes in meter					
	Minimumveiligheids vryruimte	Bokant grond buite dorpsgebiede	Bokant grond binne dorpsgebiede	Bokant paaie in dorpsgebied geproklameerde paaie buite dorpsgebiede, spoorweë en koekepanweë	Na kommunikasielyne of tussen kraglyne en vangnette	Na geboue, pale en strukture wat nie deel van die kraglyne vorm nie
1,1 of minder	—	4,9	5,5	6,1	0,6	3,0
7,2	0,15	5,0	5,5	6,2	0,7	3,0
12	0,20	5,1	5,5	6,3	0,8	3,0
24	0,32	5,2	5,5	6,4	0,9	3,0
36	0,43	5,3	5,5	6,5	1,0	3,0
48	0,54	5,4	5,5	6,6	1,1	3,0
72	0,77	5,7	5,7	6,9	1,4	3,2
100	1,00	5,9	5,9	7,1	1,6	3,4
145	1,45	6,3	6,3	7,5	2,0	3,8
245	1,85	6,7	6,7	7,9	2,4	4,2
300	2,35	7,2	7,2	8,4	2,9	4,7
362	2,90	7,8	7,8	9,0	3,5	5,3
420	3,20	8,1	8,1	9,3	3,8	5,6
800	5,50	10,4	10,4	11,6	6,1	8,5
533 kV g.s*	3,70	8,6	8,6	9,8	4,3	6,1

* Maksimum spanning na aarde waarvoor die isolasie ontwerp is.

Maximum voltage for which insulation is designed kV r.m.s. clearance phase-to-phase	Minimum clearance in metres					
	Minimum safety clearance	Above ground outside townships	Above ground in townships	Above roads in townships proclaimed roads outside townships railways and tramways	To communication lines, other power lines or between power lines and cradles	To buildings, poles and structures not forming part of the power lines
1,1 or less	—	4,9	5,5	6,1	0,6	3,0
7,2	0,15	5,0	5,5	6,2	0,7	3,0
12	0,20	5,1	5,5	6,3	0,8	3,0
24	0,32	5,2	5,5	6,4	0,9	3,0
36	0,43	5,3	5,5	6,5	1,0	3,0
48	0,54	5,4	5,5	6,6	1,1	3,0
72	0,77	5,7	5,7	6,9	1,4	3,2
100	1,00	5,9	5,9	7,1	1,6	3,4
145	1,45	6,3	6,3	7,5	2,0	3,8
245	1,85	6,7	6,7	7,9	2,4	4,2
300	2,35	7,2	7,2	8,4	2,9	4,7
362	2,90	7,8	7,8	9,0	3,5	5,3
420	3,20	8,1	8,1	9,3	3,8	5,6
800	5,50	10,4	10,4	11,6	6,1	8,5
533 kV d.c.*	3,70	8,6	8,6	9,8	4,3	6,1

* Maximum voltage to earth for which insulation is designed.

(Vry ruimtes moet bepaal word vir 'n minimum geleiertemperatuur van 50 °C en met enige hoek van swaai tot by dié wat gelykstaan met 'n winddruk van 500 Pa: Met dien verstande dat kraglyngeleiers wat onder normale omstandighede teen 'n hoër temperatuur as 50 °C werk, moet die vry ruimtes teen die hoër temperatuur waarby die geleiers werk, in ooreenstemming wees met die vry ruimtes soos in bostaande tabel aangedui);

(b) waar 'n kraglyn water kruis, die vry ruimte tussen geleiers of ander drade en die normale hoogwatervlak nie minder is nie as die ruimtes voorgeskryf vir kraglyne bokant die grond buite dorpsgebiede: Met dien verstande dat indien die eienaar van die grond waarop die water geleë is, 'n groter vry ruimte verlang en geen ooreenkoms bereik kan word nie, moet die geskil na die Hoofinspekteur verwys word, wie se beslissing afdoende sal wees;

(c) die afstand van enige kraglyn vanaf 'n springstofmagasyn voldoen aan die vereistes van die Wet op Ontplofbare Stowwe, 1956 (Wet 25 van 1956) (indien van toepassing).

(2) Geen persoon mag enige pad, spoorweg, tremweg, kommunikasielyn, ander kraglyn, gebou of struktuur onder of in die nabyheid van 'n kraglyn bou nie, of enige materiaal of grond onder of in die nabyheid van 'n kraglyn plaas nie sodat dit inbreuk maak op die minimum vry ruimtes voorgeskryf in subregulasie (1).

(3) Niemand mag persoonlik of met enige voorwerp inbreuk maak op die minimum veiligheidsvryruimte soos voorgeskryf in subregulasie (1) nie en niemand mag vereis of toelaat dat enige ander persoon so inbreuk maak nie behalwe met die toestemming van die leweransier of gebruiker van die kraglyn.

(4) Die leweransier of gebruiker van 'n kraglyn moet plantegroei beheer ten einde te verhoed dat daar inbreuk gemaak word op die minimum veiligheidsvryruimtes voorgeskryf in subregulasie (1) en die eienaar van sodanige plante moet dié beheer toelaat.

Beskerming van stutte teen opklim

16. Die gebruiker moet sorg dat alle stutte van die traliesoort wat gebruik word om bogrondse geleiers te dra, doelmatig beskerm is om te voorkom dat ongemagtigde persone gevaarlik naby die geleiers kan kom deur teen sodanige stutte op te klim, en 'n inspekteur mag insgelyks van die gebruiker vereis om enige ander soort stut te beskerm.

Isolatore en toebehore

17. Die leweransier of gebruiker moet sorg dat die veiligheidsfaktor van lynisolatore en toebehore, gebaseer op die soortgetoetste breekvrag, minstens 2,5 is.

Geleiers

18. Die leweransier of gebruiker moet sorg dat die veiligheidsfaktor vir elke lyngeleier minstens 2,5 is. Hierdie faktor moet gebaseer wees op die aangeslane breektreksterkte van die geleier en moet bereken word op die veronderstelling dat die lyngeleier 'n temperatuur van −5 °C het en dat dit tegelykertyd onderwerp word aan 'n winddruk reghoekig met die lyn, wat gelykstaan met 700 Pa op 0,6 van die geprojekteerde oppervlakte van die geleiers.

Lugverbruiksaansluitings en verbruikersgeleiers

19. (1) Geen leweransier mag vereis of toelaat dat 'n lugverbruiksaansluiting aan die leweransier se lyngeleiers verbind word elders as by 'n stutplek nie.

(2) Iedere leweransier of gebruiker moet sorg dat elke deel van—

(a) lugverbruiksaansluitings; en

(Clearances shall be determined for a minimum conductor temperature of 50 °C and with any swing angle up to that corresponding to a wind pressure of 500 Pa: Provided that where under normal conditions power line conductors operate at a temperature above 50 °C the clearance at the higher temperature at which the conductors operate, shall be in accordance with the clearance indicated in the above table);

(b) the clearances of conductors and other wires to normal high water level of power lines crossing over water to be not less than the values for power lines above the ground outside townships: Provided that if the owner of the land on which the water is situated requires a greater clearance and no agreement can be reached, the dispute shall be referred to the chief inspector, whose decision shall be final;

(c) the distance of any power line from an explosive magazine shall comply with the requirements of the Explosives Act, 1956 (Act 26 of 1956) (if applicable).

(2) no person shall construct any road, railway, tramway, communication line, other power line, building, structure or place any material or soil under or in the vicinity of a power line which will encroach on the appropriate minimum clearances provided in terms of subregulation (1).

(3) No person shall encroach in person or with objects on the minimum safety clearances provided in subregulation (1) nor shall he require or permit any other person to do so except by permission of the supplier or user operating the power line.

(4) The supplier or user shall control vegetation to prevent it encroaching on the minimum safety clearances provided in subregulation (1) and the owner of the vegetation shall permit such control.

Protection of supports against climbing

16. The user shall cause all supports of the lattice type which are used to carry overhead conductors, to be adequately protected in order to prevent any unauthorised person from coming into dangerous proximity of the conductors by climbing such supports, and an inspector may require a user similarly to protect a support of any other type.

Insulators and fittings

17. The supplier or user shall cause the factor of safety of line insulators and fittings to be at least 2,5 based on the typetested failing load.

Conductors

18. The supplier or user shall cause the factor of safety of every line conductor to be at least 2,5 which factor shall be based on the rated ultimate tensile strength of the conductor and shall be calculated on the assumption that the line conductor is at a temperature of −5 °C and that it is simultaneously subjected to a wind pressure at right angles to the line equivalent to 700 Pa on 0,6 of the projected area of the conductors.

Overhead service connections and consumers' conductors

19. (1) No supplier or user shall require or permit any overhead service connection to be connected to the supplier's mains elsewhere than at a point of support.

(2) Every supplier or user shall cause every part of—

(a) overhead service connections; and

(b) lugverbruiksaansluitings van een gebou na 'n ander;

uit 'n soort geïsoleerde draad bestaan wat deur die hoofinspekteur goedgekeur is.

(3) Geen leweransier of gebruiker mag 'n gebou deur middel van lugverbruiksleiding met 'n elektriese energie verbind nie tensy sodanige verbinding met die gebou gedoen word deur middel van 'n klemkas, goedgekeur deur die hoofinspekteur, of op 'n ander wyse wat insgelyks goedgekeur is.

Oorgange

20. (1) Waar 'n kraglyn 'n geproklameerde pad, spoorweg, tremweg of belangrike kommunikasielyn wat deur die Posmeester-generaal geproklameer is, kruis, moet die leweransier of gebruiker sorg dat die vryruimtes aan die vereistes van regulasie 15 voldoen en hy sal verder sorg dra dat—

(a) elke struktuur wat 'n kruisspan stut so ontwerp is dat dit die belastings kan weerstaan wat dit opgelê mag word as enige fasegeleier of aardgeleier sou breek;

(b) elke struktuur wat 'n kruisspan stut vir sover dit redelik uitvoerbaar is, so geplaas word dat dit nie aan die diens wat dit kruis sal raak ingeval dit omval nie;

(c) onderworpe aan die beperkings in subparagraaf (c) moet een van die strukture wat 'n kruisspan stut, so naby as wat dit redelik uitvoerbaar is aan die kruispunt geplaas word;

(d) die vry ruimte van die kruisspan waar dit 'n geproklameerde pad kruis nie minder as 4,5 m sal wees, in die geval van 'n gebreekte fasegeleier in 'n span anders as die kruisspan nie;

(e) pantserstange of vonkhorings aangebring word aan die lewendige ente van die suspensie en vaste isolatore aan minstens die erste drie strukture aan elke kant van die kruising as die maksimum spanning waarvoor die kraglyn ontwerp is 1,1 kV w.g.k. oorskry, of anders moet dubbel geleiers wat aanmekaar gekoppel is op afstande van nie meer as 1,5 m nie en wat met dubbel parallel isolatore ondersteun word in die kruisspan voorsien word, en vir kraglyne op vaste isolatore moet die dubbelgeleiers minstens 1,5 m verby die stutte aan elke kant van die kruisspan strek;

(f) die afwyking van 'n reghoekige kruising oor 'n kommunikasielyn van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese of van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste hoogstens 30° is vir lyne met 'n spanning van 48 kV w.g.k. en meer en hoogstens 45° is vir lyne minder as 48 kV w.g.k.;

(g) die vry ruimtes voldoen aan die vereistes van regulasie 15 en met paragrawe (b) en (c) van hierdie subregulasie in gevalle waar 'n kraglyn 'n ander kraglyn kruis:

Met dien verstande dat die hoofinspekteur enige afwyking van hierdie vereistes soos in hierdie subregulasie genoem op sodanige voorwaardes as hy sal bepaal mag goedkeur.

(2) Die leweransier of gebruiker moet sorg dra dat iedere lugverbruiksaansluiting wat bokant kaal kommunikasielyne van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese kruis minimum vry ruimtes tussen die lugverbruiksaansluiting en die kommunikasielyne by die kruispunte van 0,5 m het en die lugverbruiksaansluiting mag nie aan die onderkant van kaal kommunikasielyne kruis nie.

Skemas wat aan die Posmeester-generaal voorgelê moet word

21. (1) (a) Die leweransier moet voordat daar met die installering van 'n distribusiestelsel of die uitbreiding van so 'n stelsel begin word, volledige planne in tweevoud aan die Posmeester-generaal voorlê vir die doel om deur onderlinge ooreenkoms te besluit oor die metodes of hulpmiddels wat

(b) overhead service connections from one building to another;

to consist of insulated wire of a type which has been approved by the chief inspector.

(3) No supplier or user shall connect electrical energy to a building by means of overhead service connections unless the connection to the building is by means of a connector-box, approved by the chief inspector, or by other means similarly approved.

Crossings

20. (1) Where a power line crosses a proclaimed road, railway, tramway or important communication line, as proclaimed by the Postmaster-General, the supplier or user shall cause the clearance to comply with the requirements of regulation 15 and shall further cause—

(a) every structure supporting a crossing span to be designed in such a manner that it will be able to withstand the loads that may be imposed upon it should a breakage of any phase conductor or earth conductor occur;

(b) every structure supporting a crossing span as far as reasonably practicable to be located so that it will not touch the service crossed should it overturn;

(c) subject to the restriction in subparagraph (b) one of the structures supporting a crossing span to be located as close to the point of crossing as is reasonably practicable;

(d) the clearance of the crossing span where it crosses a proclaimed road to be not less than 4,5 m for the condition of a broken phase conductor in a span other than the crossing span;

(e) armour rods or arcing horns to be fitted at the live ends of suspension and rigid insulators on at least the first three structures on each side of the crossing if the maximum voltage for which the power line is designed exceeds 1,1 kV r.m.s; alternatively, duplicate conductors, tied together at intervals of not more than 1,5 m, shall be provided in the crossing span and supported by duplicate parallel insulators and for lines on rigid insulators the duplicate conductors shall extend at least 1,5 m beyond the supports on each side of the crossing span;

(f) the deviation from a right angle crossing over a communication line of the Department of Posts and Telecommunications or of the South African Transport Services to be not greater than 30° for lines with a voltage of 48 kV r.m.s. and above, and not greater than 45° for lines below 48 kV r.m.s.;

(g) the clearances to comply with the requirements of regulation 15 and with paragraph (b) and (c) of this subregulation in cases where a power line crosses another power line:

Provided that the chief inspector may approve any variation of these requirements as specified in this subregulation on such conditions as he may determine.

(2) The supplier or user shall cause every overhead service connection which crosses over bare communication lines of the Department of Posts and Telecommunications, to have a minimum clearances between the overhead service connection and the communication lines at the points of crossing of 0,5 m and the overhead service connection shall not cross below bare communication lines.

Schemes to be submitted to the Postmaster-General

21. (1) (a) The supplier shall, before commencing the installation of any distribution scheme or extension to a scheme, submit his complete proposals in duplicate to the Postmaster-General for the purpose of deciding by mutual

die leweransier moet gebruik om te voorkom dat daar by bestaande en voorgestelde telefoon- en telegraaflyne toestande kan ontstaan wat vir die publiek en vir personeel van die Poskantoor gevaarlik kan wees, en waar sodanige toestande sonder groot koste vir enige van die partye vermy kan word deur die wysiging van die voorgestelde planne van òf die leweransier òf die Posmeester-generaal, moet sodanige wysiging aangebring word: Met dien verstande dat hierdie paragraaf nie op aansluiting van toepassing is nie.

(b) Indien geen ooreenkoms tussen die Posmeester-generaal en die leweransier bereik kan word nie, moet die geskil na die Hoofinspekteur verwys word wie se besluit beslissend sal wees.

(c) Alle wysigings en toestelle wat nodig is vir die beskerming van die publiek soos ooreengekom, moet deur en op koste van die leweransier verskaf word.

(2) In gevalle waar veranderings aan die ontwerp of oprigting van 'n bestaande kraglyn wat ooreenkomstig subregulasie (1) (a) en (b) opgerig is, of van bykomende hulpmiddels daarvan nodig word as gevolg van vertoë deur die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese of enige ander sodanige liggaam, moet sodanige veranderings aangebring word op rekening van die liggaam wat vertoë vir die verandering gerig het.

Misdrywe en strawwe

22. Enige persoon wat—

(a) 'n bepaling van regulasie 2, 3, 4, 5, (1), 5 (2), 6 (1), 6 (2), 6 (3), 6 (4), 6 (5), 7, 8 (1), 8 (2), 8 (3), 8 (4), 8 (5), 8 (6), 8 (7), 9 (1), 9 (2), 10 (1), 10 (2), 11, 13 (1), 13 (2), 14 (1), 14 (2), 15 (1), 15 (2), 15 (3), 15 (5), 15 (6), 15 (7), 16, 17, 18, 19 (1), 19 (2), 19 (3), 20 (1), 20 (2), 20 (3), 20 (4), 21 (1), 21 (2), oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande en, in die geval van 'n aanhoudende misdryf, met 'n bykomende boete van R5 vir elke dag waarop die misdryf voortduur of met bykomende gevangenisstraf van een dag vir elke dag waarop die misdryf voortduur: Met dien verstande dat die tydperk van sodanige bykomende gevangenisstraf in geen geval 90 dae te bowe mag gaan nie.

Kort titel

23. Hierdie regulasies heet die Elektriese Masjinerie Regulasies.

OPMERKINGS

By die inwerkingtreding van hierdie regulasies sal regulasie C50, C.51 (3), C.52, C.55, C.56, C.57, C.58, C.59, C.60, C.61, C.62, C.63, C.64, C.65, C.66, C.67, C.68, C.69, C.70 en C.71 wat onder die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941 (Wet 22 van 1941), uitgevaardig is, ingetrek word.

(30 Mei 1986)

KENNISGEWING 379 VAN 1986

VEILING VAN GOEDERE.—DOEANE EN AKSYNS, JOHANNESBURG

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat 'n openbare veiling van ongeklaarde, onopgeëiste en verbeurdverklaarde goedere om 09h00 op 11 Junie 1986 by die Staatspakhuis, Kazerne, gehou sal word.

Opgawes van die goedere wat verkoop sal word kan op aanvraag by die Kontroleur van Doeane en Aksyns, Privaatsak 21, Marshalltown, 2107, verkry word.

(30 Mei 1986)

agreement the methods or devices to be adopted by the supplier to avoid the creation of conditions on existing and projected communication lines which may be dangerous to the public and to Post Office staff, where such conditions can be avoided without material cost to either party, by amendment either to the projected plans of the supplier or the projected plans of the Postmaster-General, such amendments shall be made: Provided that this subregulation shall not apply to overhead service connections.

(b) If agreement between the Postmaster-General and the supplier cannot be reached the dispute shall be referred to the chief inspector whose decision shall be final.

(c) All modifications and devices required for the protection of the public as agreed to, shall be provided by and at the expense of the supplier.

(2) In cases where change in the design or construction of an existing power line, which has been erected in accordance with subregulation (1) (a) and (b) or devices additional thereto, becomes necessary on account of representations made by the Department of Posts and Telecommunications or any other such body, such alterations shall be carried out by the supplier at the expense of the body at whose representation the change has been brought about.

Offences and penalties

22. Any person who—

(a) contravenes or fails to comply with a provision of regulation 2, 3, 4, 5 (1), 5 (2), 6 (1), 6 (2), 6 (3), 6 (4), 6 (5), 7, 8 (1), 8 (2), 8 (3), 8 (4), 8 (5), 8 (6), 8 (7), 9 (1), 9 (2), 10 (1), 10 (2), 11, 13 (1), 13 (2), 14 (1), 14 (2), 15 (1), 15 (2), 15 (3), 15 (5), 15 (6), 15 (7), 16, 17, 18, 19 (1), 19 (2), 19 (3), 20 (1), 20 (2), 20 (3), 20 (4), 21 (1), 21 (2) shall be guilty of an offence and on conviction be liable to a fine not exceeding R1 000 or imprisonment for a period not exceeding six months, and in the case of a continuous offence, not exceeding an additional fine of R5 or additional imprisonment of one day for each day on which the offence continues: Provided that the period of such additional imprisonment shall in no case exceed 90 days.

Short title

23. These regulations shall be called the Electrical Machinery Regulations.

REMARKS

Upon the coming into operation of these regulations, regulations C.50, C.51(3), C.52, C.55, C.56, C.57, C.58, C.59, C.60, C.61, C.62, C.63, C.64, C.65, C.66, C.67, C.68, C.69, C.70, and C.71 made under the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941 (Act 22 of 1941), will be repealed.

(30 May 1986)

NOTICE 379 OF 1986

SALE OF GOODS.—CUSTOMS AND EXCISE, JOHANNESBURG

It is hereby notified for general information that a public sale of unentered, abandoned and forfeited goods will be held at the State Warehouse, Kazerne, at 09h00 on 11 June 1986.

Lists of goods to be sold will be supplied on application to the Controller of Customs and Excise, Private Bag 21, Marshalltown, 2107.

(30 May 1986)

KENNISGEWING 380 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING EN BEPLANNING

WETSONTWERP OP DIE BEROEP VAN STADSKLERKE

Die volgende Konsepwetsontwerp en Konsepregulasies word hierby vir algemene inligting en kommentaar gepubliseer.

Kommentaar op die Wetsontwerp en Regulasies of vertoë daaromtrent moet binne drie weke na publikasie hiervan aan die Direkteur-generaal: Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, Privaatsak X9057, Kaapstad, 8000, gestuur word.

WETSONTWERP

Om vir die instelling van 'n Raad vir Stadsklerke, vir die registrasie van professionele stadsklerke, geregistreerde stadsklerke en aspirant-stadsklerke en vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:

Woordomskrywings

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"aspirant-stadsklerk" iemand wie se naam voorkom in die register bedoel in artikel 11 (1) (c);

"Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal: Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning;

"geregistreerde stadsklerk" 'n stadsklerk wie se naam voorkom in die register bedoel in artikel 11 (1) (b);

"hierdie Wet" ook 'n regulasie daarkragtens uitgevaardig en 'n kennisgewing daarkragtens afgekondig;

"Instituut" die Instituut van Stadsklerke van Suidelike Afrika wat ingevolge artikel 21 van die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), opgerig en ingelys is;

"Minister" die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning;

"plaaslike owerheid" 'n inrigting of liggaam beoog in artikel 84 (1) (f) van die Wet op Provinsiale Bestuur, 1961 (Wet 32 van 1961), 'n Swart plaaslike owerheid ingestel kragtens die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet 102 van 1982), en sluit in 'n streeksdiensteraad ingestel kragtens die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet 109 van 1985);

"president" die president van die Raad;

"professionele stadsklerk" 'n stadsklerk wie se naam voorkom in die register bedoel in artikel 11 (1) (a);

"Raad" die Raad vir Stadsklerke ingestel ingevolge artikel 2;

"register" enige van die registers bedoel in artikel 11;

"Registrateur" die Registrateur aangestel ingevolge artikel 5 (1);

"stadsklerk", met betrekking tot 'n plaaslike owerheid, die hoof uitvoerende amptenaar van 'n plaaslike owerheid ongeag die ampsbenaming van die pos wat daardie amptenaar beklee;

"Vereniging" die Vereniging van Administratiewe Hoofamptenare van Plaaslike Owerhede, wat ingevolge artikel 4 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet 28 van 1956), as 'n vakvereniging geregistreer is;

"voorgeskryf" of "voorgeskrewe" by regulasie voorgeskryf.

NOTICE 380 OF 1986

DEPARTMENT OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT AND PLANNING

PROFESSION OF TOWN CLERKS BILL

The following Draf Bill and Draft Regulations are hereby published for general information and comment.

Any comment or representations thereanent should be forwarded to the Director-General: Constitutional Development and Planning, Private Bag X9057, Cape Town, within three weeks of publication hereof.

BILL

To provide for the establishment of a Council for Town Clerks, for the registration of professional town clerks, registered town clerks and aspirant town clerks and for matters incidental thereto.

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa as follows:

Definitions

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

"aspirant town clerk" means a person whose name appears in the register referred to in section 11 (1) (c);

"Association" means the Association of Chief Administrative Officers of Local Government registered as a trade union in terms of section 4 of the Labour Relations Act, 1956 (Act 28 of 1956);

"Council" means the Council for Town Clerks established in terms of section 2;

"Director-General" means the Director-General: Constitutional Development and Planning;

"Institute" means the Institute of Town Clerks of Southern Africa formed and incorporated in terms of section 21 of the Companies Act, 1973 (Act 61 of 1973);

"local authority" means any institution or body contemplated in section 84 (1) (f) of the Provincial Government Act, 1961 (Act 32 of 1961), any Black local authority established under the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982), and includes a regional services council established under the Regional Services Council Act, 1985 (Act 109 of 1985);

"Minister" means the Minister of Constitutional Development and Planning;

"president" means the president of the Council;

"prescribed" means prescribed by regulation;

"professional town clerk" means a town clerk whose name appears in the register referred to in section 11 (1) (a);

"register" means any of the registers referred to in section 11;

"registered town clerk" means a town clerk whose name appears in the register referred to in section 11 (1) (b);

"Registrar" means the Registrar appointed in terms of section 5 (1);

"this Act" includes any regulation made or a notice published thereunder;

"town clerk", in relation to a local authority, means the chief executive officer of a local authority regardless of the designation of the post occupied by that officer.

Instelling van Raad vir Stadsklerke

2. Daar word hierby 'n regspersoon ingestel bekend as die Raad vir Stadsklerke.

Samestelling van Raad

3. (1) Die Raad bestaan uit—

(a) vier stadsklerke wat lede is van die Instituut aangestel deur die raad van daardie Instituut;

(b) vier stadsklerke wat lede is van die Vereniging aangestel deur die uitvoerende komitee van daardie Vereniging; en

(c) drie stadsklerke deur die Minister aangestel.

(2) Vir elke lid van die Raad aangestel ingevolge subartikel (1), word 'n plaasvervangende lid op dieselfde wyse as sodanige lid aangestel en 'n plaasvervanger aldus aangestel, kan enige vergadering van die Raad bywoon en aan die verrigtinge daarvan deelneem en stem wanneer die lid vir wie hy as plaasvervanger aangestel is, van sodanige vergadering afwesig is.

(3) Die ampstermyn van 'n lid van die Raad is vier jaar.

(4) Niemand word as 'n lid van die Raad of as 'n plaasvervanger aangestel nie as hy—

(a) nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie;

(b) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;

(c) te eniger tyd aan 'n misdryf skuldig bevind is waarby oneerlikheid betrokke was of ten opsigte van enige ander misdryf gevonnis is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;

(d) weens wangedrag deur 'n werkgewer ontslaan is; of

(e) nie ingevolge hierdie Wet geregistreer is nie: Met dien verstande dat hierdie vereiste vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet nie van toepassing is nie.

(5) 'n Lid van die Raad of 'n plaasvervanger ontruim sy amp indien hy—

(a) onderworpe word aan 'n diskwalifikasie bedoel in subartikel (5);

(b) volgens die reg as 'n geestesongestelde persoon aangehou word;

(c) in die geval van 'n lid aangestel ingevolge artikels 3 (1) (a) of (b) of 'n plaasvervanger vir sodanige lid, ophou om 'n lid te wees van die Instituut of die Vereniging onderskeidelik in daardie artikels bedoel;

(d) sonder verlof afwesig is van meer as drie agtereenvolgende vergaderings van die Raad; of

(e) ophou om 'n Stadsklerk te wees.

(6) Indien 'n lid, of plaasvervanger, van die Raad sterf, bedank by skriftelike kennisgewing gerig aan die Registrateur, of om enige rede sy amp ontruim, kan iemand anders ingevolge paragrawe (a), (b) of (c) van subartikel (1), na gelang van die geval, aangestel word as opvolger vir sodanige lid of plaasvervanger vir die onverstreke ampstermyn van sodanige lid of plaasvervanger.

Ampsdraers, vergaderings en komitees

4. (1) Die lede van die Raad kies by die eerste vergadering van elke nuutingestelde Raad en daarna as omstandighede dit vereis, uit hulle midde 'n lid van die Raad as president en enige ander lid as vise-president van die Raad, en die president en vise-president aldus verkies beklee hulle amp vir 'n tydperk van twee jaar.

(2) (a) Die vise-president verrig al die funksies van die president indien die president om enige rede nie as president kan optree nie.

Establishment of Council for Town Clerks

2. There is hereby established a juristic person to be known as the Council for Town Clerks.

Constitution of Council

3. (1) The Council shall consist of—

(a) four town clerks who are members of the Institute appointed by the council of that Institute;

(b) four town clerks who are members of the Association appointed by the executive committee of that Association; and

(c) three town clerks appointed by the Minister.

(2) For every member of the Council appointed in terms of subsection (1), an alternate member shall be appointed in the same manner as such member and any alternate so appointed may attend and take part in the proceedings and vote at any meeting of the Council whenever the member to whom he has been appointed as alternate is absent from such meeting.

(3) The period of office of a member of the Council shall be four years.

(4) No person shall be appointed as a member of the Council or as an alternate if he—

(a) is not a South African citizen;

(b) is an unrehabilitated insolvent;

(c) has at any time been convicted of an offence involving dishonesty or has been sentenced for any other offence to a period of imprisonment without the option of a fine;

(d) has been dismissed from service by any employer for misconduct; or

(e) is not registered in terms of this Act: Provided that this requirement shall not apply for a period of 12 months after the date of commencement of this Act.

(5) A member of the Council or an alternate shall vacate his office if he—

(a) becomes subject to any disqualification referred to in subsection (5);

(b) is according to law detained as a mentally ill person;

(c) in the case of a member appointed in terms of sections 3 (1) (a) or (b) or an alternate for such member ceases to be a member of the Institute or the Association respectively referred to in that section;

(d) is absent without leave from more than three consecutive meetings of the Council; or

(e) ceases to be a Town Clerk.

(6) If any member or alternate of the Council dies, resigns by notice in writing addressed to the Registrar, or for any reason vacates his office, another person may in terms of paragraphs (a), (b) or (c) of subsection (1), as the case may be, be appointed as successor to such member or alternate for the unexpired period of office of such member or alternate.

Office bearers, meetings and committees

4. (1) The members of the Council shall at the first meeting of every newly constituted Council and thereafter as the need arises, elect out of their number a member of the Council as president and any other such member as vice-president of the Council, and the president and vice-president so elected shall hold office for a period of two years.

(2) (a) The vice-president shall, if the president is for any reason unable to act as president, perform all the functions of the president.

(b) Indien beide die president en die vise-president afwesig is van 'n vergadering van die Raad of nie kan voorsit nie, kies die aanwesige lede uit hulle midde 'n lid om by daardie vergadering voor te sit, en die person wat aldus gekies word om voor te sit, verrig gedurende daardie vergadering en totdat die president of vide-president sy amp hervat al die funksies van die president.

(3) Die Raad—

(a) stel uit sy lede—

(i) 'n uitvoerende komitee aan bestaande uit die president en vise-president van die Raad, wat onderskeidelik die voorsitter en ondervoorsitter van daardie komitee is, en twee ander lede om die bevoegdhede uit te oefen en die pligte van die Raad te vervul wat die Raad van tyd tot tyd bepaal;

(ii) 'n tugkomitee bestaande uit drie lede uitgesonderd 'n in artikel 3 (1) (b) bedoelde lid om die bevoegdhede uit te oefen en pligte te vervul wat hom ingevolge artikel 17 opgelê word; en

(b) kan uit sy lede—

(i) *ad hoc*-komitees; en

(ii) onderkomitees;

aanstel om die bevoegdhede uit te oefen en pligte te vervul wat die Raad van tyd tot tyd bepaal; en

(c) stel van tyd tot tyd die voorsitter en ondervoorsitter aan van elke komitee in subparagrawe (a) (ii) en (b) bedoel.

(4) In die afwesigheid van die voorsitter of van beide die voorsitter en die ondervoorsitter van 'n komitee in subartikel (3) bedoel, is die bepalings van subartikel (2) *mutatis mutandis* van toepassing en by sodanige toepassing word 'n verwysing na president en vise-president geag 'n verwysing na onderskeidelik voorsitter en ondervoorsitter te wees.

(5) Die eerste vergadering van elke nuutingestelde Raad word op die tyd en plek gehou wat die Direkteur-generaal bepaal, en daarna word vergaderings van die Raad gehou op die tye en plekke wat die president bepaal, maar op so 'n wyse dat minstens twee vergaderings elke jaar gehou word.

(6) Die eerste vergadering van elke nuutingestelde uitvoerende komitee word gehou op die tyd en plek wat die president bepaal en minstens twee vergaderings van sodanige komitee word elke jaar gehou.

(7) Die tugkomitee en enige *ad hoc*-komitee en onderkomitee vergader na gelang van omstandighede.

(8) Die kworum vir 'n vergadering van die Raad is vyf lede.

(9) 'n Besluit van die meerderheid van die lede van die Raad aanwesig op 'n vergadering van die Raad maak 'n besluit van die Raad uit, en in geval van 'n staking van stemme het die president, benewens sy beraadslagende stem, 'n beslissende stem.

(10) Die Registrateur laat 'n rekord hou van die verrigtinge van die Raad, en van elke komitee daarvan, en die rekords van al sodanige verrigtinge, saam met die registers, boeke, dokumente en oorkondes van die Raad is in die Registrateur se bewaring.

Bevoegdhede en pligte van die Raad

5. (1) Die Raad—

(a) moet—

(i) 'n Registateur aanstel wat ook as sy sekretaris moet optree, en sodanige ander persone wat hy vir die bereiking van sy doelwitte nodig ag;

(ii) die diensvoorwaardes, besoldiging en toelaes en die bevoegdhede, pligte en funksies van die Registrateur en ander werknemers van die Raad bepaal;

(b) If both the president and the vice-president are absent from any meeting of the Council or unable to preside, the members present shall elect out of their number a member to preside at that meeting, and the person so elected to preside shall, during that meeting and until the president or vice-president resumes his functions, perform all the functions of the president.

(3) The Council—

(a) shall appoint from its members—

(i) an executive committee consisting of the president and vice-president of the Council, who shall respectively be the chairman and vice-chairman of that committee, and two other members to exercise such powers and to perform such duties of the Council as the Council may, from time to time, determine;

(ii) a disciplinary committee consisting of three members other than a member referred to in section 3 (1) (b) to exercise the powers and perform the duties conferred or imposed upon it by section 17; and

(b) may appoint from its members—

(i) *ad hoc* committees; and

(ii) sub-committees;

to exercise such powers and perform such duties as the Council may, from time to time, determine; and

(c) shall, from time to time, appoint the chairman and vice-chairman of every committee referred to in subparagraphs (a) (ii) and (b).

(4) In die absence of the chairman or both the chairman and the vice-chairman of any committee referred in subsection (3), the provisions of subsection (2) shall *mutatis mutandis* apply and on such application a reference to president and vice-president shall be deemed to be a reference to chairman and vice-chairman respectively.

(5) The first meeting of every new constituted Council shall be held at such time and place as the Director-General may determine, and thereafter meetings of the Council shall be held at such times and places as the president may determine, but in such manner that at least two meetings are held in every year.

(6) The first meeting of every newly constituted executive committee shall be held at such time and place as the president may determine and at least two meetings of such committee shall be held in every year.

(7) The disciplinary committee and any *ad hoc* committee and subcommittee shall meet as circumstances require.

(8) The quorum for a meeting of the Council shall be five members.

(9) A decision of the majority of the members of the Council present at a meeting of the Council shall constitute a decision of the Council and in the event of an equality of votes the president shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

(10) The Registrar shall cause a record to be kept of the proceedings of the Council, and every committee thereof and the records of all such proceedings, together with the registers, books, documents and records of the Council shall be in the custody of the Registrar.

Powers and duties of the Council

5. (1) The Council—

(a) shall—

(i) appoint a Registrar who shall also act as its secretary, and such other persons as it may deem necessary, for achieving its objects;

(ii) determine the conditions of service, remuneration and allowances and the powers, duties and functions of the registrar and other employees of the Council;

(iii) die opvoedkundige en ander kwalifikasies en vereistes vir die registrasie van persone ingevolge hierdie Wet bepaal; en

(b) kan, behoudens die bepalings van hierdie Wet—

(i) die wyse bepaal waarop die vergaderings van die Raad en enige komitee of onderkomitee daarvan belê moet word, die prosedure wat by sodanige vergaderings gevolg moet word en die kworum vir vergaderings van sy komitees en onderkomitees;

(ii) die vorm bepaal van 'n register, sertifikaat of dokument wat ingevolge hierdie Wet gehou, voorsien of uitgereik moet word en die vorm van so 'n register, sertifikaat of dokument van tyd tot tyd verander of wysig;

(iii) 'n registrasiegeld wat betaalbaar is deur enigiemand wat registrasie ingevolge hierdie Wet verlang, enige jaarlikse geld betaalbaar deur enigiemand wat ingevolge hierdie Wet geregistreer is asook die vervaldag vir sodanige betaling bepaal;

(iv) 'n gedragskode of reëls van etiek van toepassing op persone geregistreer ingevolge hierdie Wet bepaal;

(v) in samewerking met die Instituut, sodanige stappe doen of sodanige handelinge verrig as wat hy nodig ag om die beroep van die stadsklerk te bevorder en te verbeter, met besondere verwysing na die professionele opleiding van persone wat ingevolge hierdie Wet geregistreer is;

(vi) wetgewing betreffende die amp van stadsklerk en persone wat kragtens hierdie Wet geregistreer is, bevorder of teenstaan;

(vii) een of meer professionele tydskrifte met betrekking tot die Raad se doelwitte uitgee;

(viii) roerende of onroerende eiendom koop of by wyse van ruiling, donasie, geskenk of andersins verkry en dit van die hand sit;

(ix) geld leen teen die sekuriteit van enige roerende of onroerende eiendom van die Raad;

(x) die Raad se fondse belê in enige depositonemende of finansiële instelling of in effekte, sekuriteite, skuldbriewe, verbande of ekwiteite;

(xi) die Minister versoek om regulasies ingevolge artikel 20 uit te vaardig;

(xii) bepaal waar die hoofkantoor van die Raad geleë sal wees;

(xiii) met 'n pensioenfonds geregistreer ingevolge die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet 24 van 1956), onderhandel om persone in artikel 5 (1) (a) (ii) bedoel as lede van sodanige fonds toe te laat en om namens sodanige persone bydraes aan sodanige fonds te maak;

(xiv) sodanige ander stappe en dinge doen as wat nodig of wenslik is vir die behoorlike uitoefening en uitvoering van sy bevoegdhede, pligte en funksies ingevolge hierdie Wet.

Fondse van die Raad

6. (1) Die fondse van die Raad bestaan uit—

(a) gelde en boetes betaal ingevolge hierdie Wet;

(b) rente afkomstig uit enige belegging; en

(c) alle ander gelde wat die Raad uit enige ander bron toeval.

(iii) determine the educational and other qualifications and requirements for the registration of persons in terms of this Act; and

(b) may subject to the provisions of this Act—

(i) determine the manner in which meetings of the Council and any committee or sub-committee thereof shall be convened, the procedure to be followed at such meetings and the quorum for meetings of its committees and sub-committees;

(ii) determine the form of any register, certificate or document to be kept, provided or issued in terms of this Act and from time to time alter or amend the form of any such register, certificate or document;

(iii) determine a registration fee payable by any person seeking registration in terms of this Act, any annual fee payable by any person registered in terms of this Act as well as the due date for such payment;

(iv) determine any code of conduct or ethical rules applicable to persons registered in terms of this Act;

(v) in co-operation with the Institute, take such steps or perform such acts as it may deem necessary to promote and improve the profession of town clerk with particular reference to the professional training of persons registered in terms of this Act;

(vi) promote or oppose legislation concerning the office of town clerk and persons registered under this Act;

(vii) publish one or more professional journals relating to the objects of the Council;

(viii) purchase or acquire by exchange, donation, gift or otherwise any movable or immovable property and dispose thereof;

(ix) borrow funds against the security of any movable or immovable property of the Council;

(x) invest the funds of the Council in any deposit receiving or financial institution or in stocks, securities, debentures, mortgages or equities;

(xi) request the Minister to make regulations in terms of section 20;

(xii) determine where the headquarters of the Council shall be situated;

(xiii) negotiate with a pension fund registered in terms of the Pension Funds Act, 1956 (Act 24 of 1956), to admit the persons referred to in section 5 (1) (a) (ii) as members of such fund and to make contributions to such fund on behalf of such persons;

(xiv) take such other action and do such other things as may be necessary or desirable for the proper exercise and performance of its powers, duties and functions under this Act.

Funds of the Council

6. (1) The funds of the Council shall consist of—

(a) fees and fines paid in terms of this Act;

(b) interest derived from any investment; and

(c) all other moneys which may accrue to the Council from any other source.

(2) Die Raad moet sy fondse gebruik ter bestryding van enige uitgawes deur hom aangegaan in die uitoefening van sy bevoegdhede en die uitvoering van sy funksies ingevolge hierdie Wet.

(3) Die Raad moet alle geld wat hy ontvang in 'n bankrekening in die naam van die Raad deponeer.

(4) Die Raad kan aan sy lede en werknemers koste wat reis-, verblyf- of by-onkoste is, betaal wat lede of werknemers van die Raad aangaan in verband met bywoning van vergaderings van die Raad of 'n komitee of onderkomitee daarvan of in verband met die besigheid van die Raad.

(5) Die Raad kan 'n bywoningstoelae aan 'n lid van die Raad betaal vir bywoning van 'n vergadering van die Raad of 'n vergadering van 'n komitee of onderkomitee daarvan.

Finansiële rekords

7. Die Raad laat behoorlike rekords hou van alle geld wat hy ontvang en bestee, van al sy bates en laste en van alle finansiële transaksies wat hy aangaan.

Finansiële jaar

8. Die finansiële jaar van die Raad begin op 1 Julie elke jaar en eindig op 30 Junie van die volgende jaar: Met dien verstande dat die eerste finansiële jaar begin op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet en eindig op 30 Junie wat onmiddellik daarop volg.

Oudit

9. (1) Die Raad moet elke jaar 'n staat van sy inkomste en uitgawe gedurende sy onmiddellik voorafgaande finansiële jaar en 'n balansstaat wat sy finansiële posisie aan die einde van daardie finansiële jaar aantoon, laat opstel.

(2) Die Raad moet sodanige staat en balansstaat deur 'n rekenmeester en ouditeur wat geregistreer is en 'n openbare praktyk beoefen soos in die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet 51 van 1951), beoog en wat deur die Raad aangestel is, laat ouditeer.

(3) Nadat die staat en balansstaat geouditeer is soos by subartikel (2) vereis, moet die Raad afskrifte daarvan aan elke persoon wat ingevolge hierdie Wet geregistreer is, laat stuur.

Verslae aan die Minister

10. Die president moet van tyd tot tyd 'n verslag aan die Minister voorlê aangaande die aktiwiteite van die Raad wat na die mening van die Raad onder die aandag van die Minister gebring behoort te word.

Registers

11. (1) Die Registrateur moet die volgende registers hou en in stand hou:

(a) 'n Register van professionele stadsklerke;

(b) 'n register van geregistreerde stadsklerke; en

(c) 'n register van aspirant-stadsklerke.

(2) Elke register moet die voorgeskrewe inligting in verband met elkeen wat daarin geregistreer is, bevat.

(3) Die Minister bepaal op die grondslag waarvolgens plaaslike owerhede ingevolge artikel 8 van die Wet op die Besoldiging van Stadsklerke, 1984 (Wet 115 van 1984), in grade ingedeel is—

(a) watter plaaslike owerhede of grade van plaaslike owerhede niemand wat nie as 'n proffesionele stadsklerk geregistreer is nie, in die amp van stadsklerk mag aanstel nie;

(b) watter plaaslike owerhede of grade van plaaslike owerhede niemand wat nie as 'n professionele stadsklerk of as 'n geregistreerde stadsklerk geregistreer is nie, in die amp van die stadsklerk mag aanstel;

(2) The Council shall use its funds to defray any expenses incurred by it in the exercise of its powers and the performance of its functions in terms of this Act.

(3) The Council shall deposit in a bank account in the name of the Council all money received by it.

(4) The Council may pay to its members and employees such costs being travel, subsistence or out-of-pocket expenses, as such members or employees of the Council may incur in connection with attendance at meetings of the Council or any committee or sub-committee thereof or in connection with the business of the Council.

(5) The Council may pay an attendance allowance to any member of the Council for attendance at any meeting of the Council or any meeting of a committee or sub-committee thereof.

Financial records

7. The Council shall cause proper records to be kept of all moneys received and spent by it, of all its assets and liabilities and of all financial transactions entered into by it.

Financial year

8. The financial year of the Council shall commence on 1 July in each year and end on 30 June the following year: Provided that the first financial year shall commence on the date of commencement of this Act and end on 30 June immediately following.

Audit

9. (1) In each year the Council shall cause a statement of its income and expenditure during its immediately preceding financial year and a balance sheet showing its financial position at the end of that financial year, to be prepared.

(2) The Council shall cause such statement and balance sheet to be audited by an accountant and auditor registered and engaged in public practice as contemplated in the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act 51 of 1951), and appointed by the Council.

(3) After the statement and balance sheet have been audited as required by subsection (2), the Council shall cause copies thereof to be sent to every person registered under in terms of this Act.

Reports to the Minister

10. The president shall from time to time submit to the Minister such report concerning matters relating to the activities of the Council which in the opinion of the Council should be brought to the attention of the Minister.

Registers

11. (1) The Registrar shall keep and maintain the following registers:

(a) A register of professional town clerks;

(b) a register of registered town clerks; and

(c) a register of aspirant town clerks.

(2) Each register shall contain the prescribed information.

(3) The Minister shall on the basis according to which local authorities have been classified in grades in terms of section 8 of the Remuneration of Town Clerks Act, 1984 (Act 115 of 1984), determine—

(a) which local authorities or grades of local authorities may not appoint to the office of town clerk a person not registered as a professional town clerk;

(b) which local authorities or grades of local authorities may not appoint to the office of town clerk a person not registered either as a professional town clerk or as a registered town clerk;

(c) watter plaaslike owerhede of grade van plaaslike owerhede niemand wat nie ingevolge hierdie Wet geregistreer is nie, in die amp van die stadsklerk mag aanstel nie,

en kan insgelyks van tyd tot tyd sodanige kennisgewing wysig, vervang of herroep.

Kwalifikasies vir registrasie

12. 'n Applikant om registrasie ingevolge hiedie Wet moet—

(a) minstens 21 jaar oud wees;

(b) die Raad tevrede stel dat hy 'n geskikte persoon is om die amp van stadsklerk te beklee;

(c) die opvoedkundige kwalifikasies en praktiese ondervinding hê wat die Raad bepaal as vereistes vir registrasie as—

(i) 'n professionele stadsklerk;

(ii) 'n geregistreerde stadsklerk; of

(iii) 'n aspirant-stadsklerk,

na gelang van die geval.

Ongeregistreerde persoon nie as stadsklerk aangestel te word nie

13. (1) Behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3), stel 'n plaaslike owerheid nie 'n persoon aan in die amp van stadsklerk wat, ingevolge 'n kennisgewing afgekondig deur die Minister kragtens artikel 11 (3), nie deur daardie plaaslike owerheid in sodanige amp aangestel mag word nie.

(2) Indien 'n plaaslike owerheid nie 'n paslik geregistreerde kandidaat kan bekom vir aanstelling in die vakante amp van stadsklerk nie, kan sodanige plaaslike owerheid 'n persoon wat nie paslik geregistreer is nie, magtig om hoogstens 12 maande lank as stadsklerk waar te neem.

(3) Die Minister kan—

(a) by aansoek deur 'n plaaslike owerheid, sodanige plaaslike owerheid skriftelik; of

(b) plaaslike owerhede in die algemeen op die grondslag waarvolgens hule ingevolge die bepalings van artikel 8 van die Wet op die Besoldiging van Stadsklerke, 1984 (Wet 115 van 1984), in grade ingedeel is;

van die bepalings van subartikels (1) of (2) vir sodanige tydperk en op sodanige voorwaardes as wat hy bepaal, vrystel.

Aansoeke om registrasie

14. (1) Binne 12 maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet moet elkeen wat die amp van stadsklerk beklee by die Raad aansoek doen om registrasie op die wyse wat die Raad bepaal.

(2) Iemand wat, onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, as 'n stadsklerk in diens by 'n plaaslike owerheid was, word, ondank die bepalings van artikel 15, by aansoek ingevolge subartikel (1) ooreenkomstig die bepalings van artikel 12 (c) as 'n professionele stadsklerk of as 'n geregistreerde stadsklerk geregistreer.

Iemand wat nie 'n stadsklerk is nie en aan die vereistes van artikel 12 (c) (iii) voldoen, kan by die Raad aansoek doen, op 'n wyse deur hom bepaal, om registrasie as 'n aspirant-stadsklerk.

(4) Iemand wie se naam van 'n register geskrap is, mag nie voor na minstens 12 maande na die datum waarop sy registrasiesertifikaar aan die Registrateur terugbesorg is, by die Raad aansoek doen, op wyse deur hom bepaal, om herregistrasie nie.

(c) which local authorities or grades of local authorities may not appoint to the office of town clerk a person not registered in terms of this Act,

and may, in like manner, from time to time, amend, substitute or repeal any such notice.

Qualifications for registration

12. An applicant for registration in terms of this Act shall—

(a) be at least 21 years of age;

(b) satisfy the Council that he is a fit and proper person to occupy the office of town clerk;

(c) possess the educational qualifications and have had such practical experience which the Council may determine as requirements for registration as—

(i) a professional town clerk;

(ii) a registered town clerk; or

(iii) an aspirant town clerk,

as the case may be.

Unregistered person not to be appointed as town clerk

13. (1) Subject to the provisions of subsections (2) and (3), a local authority shall not appoint a person to the office of town clerk who, in terms of a notice published by the Minister in terms of section 11 (3), may not be appointed to such office by that local authority.

(2) If a local authority is unable to obtain a suitably registered candidate for appointment to the vacant office of town clerk, such local authority may authorise a person not suitably registered to act as town clerk for a period not exceeding 12 months.

(3) The Minister may exempt—

(a) upon application by a local authority, such local authority in writing; or

(b) local authorities in general on the basis according to which they have been classified in grades in terms of section 8 of the Remuneration of Town Clerks Act, 1984 (Act 115 of 1984);

from the provisions of subsections (1) or (2) for such period and subject to such conditions as he may determine.

Applications for registration

14. (1) Within 12 months of the commencement of this Act, every person occupying the office of town clerk shall apply to the Council for registration in the manner determined by the Council.

(2) Any person who, immediately prior to the commencement of this Act, was employed by a local authority as a town clerk shall, notwithstanding the provisions of section 15, upon application in terms of subsection (1), be registered as a professional town clerk or as a registered town clerk, as the case may be, in accordance with the provisions of section 12 (c).

(3) Any person who is not a town clerk and complies with the requirements of section 12 (c) (iii) may apply to the Council in the manner determined by it for registration as an aspirant town clerk.

(4) Any person whose name has been removed from a register may not less than 12 months after the date on which his certificate of registration was returned to the Registrar, apply to the Council in the manner determined by it for re-registration.

Oorweging van aansoeke

15. (1) Die Raad moet elke aansoek om registrasie of herregistrasie oorweeg en kan—

(a) behoudens die bepalings van artikel 12, 'n aansoek toestaan of verwerp: Met dien verstande dat as die aansoek om herregistrasie is, die Raad na goeddunke sodanige aansoek kan verwerp of dit toestaan onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy oplê; of

(b) 'n besluit uitstel vir verdere inligting of 'n ondersoek.

(2) Indien die Raad—

(a) 'n aansoek om registrasie of herregistrasie toestaan, moet die Registrateur sodanige besluit in die toepaslike register aanteken en aan die applikant 'n registrasiesertifikaat uitreik in die vorm deur die Raad bepaal;

(b) 'n aansoek verwerp, moet die Registrateur die applikant skriftelik verwittig van die besluit wat geneem is,

en ingeval die applikant as 'n Stadsklerk in diens is, moet die Registrateur ook die betrokke plaaslike owerheid van die toestaan of verwerping van sy aansoek in kennis stel.

Die aanstelling van Stadsklerke

16. (1) Wanneer die amp van stadsklerk vakant raak, moet die betrokke plaaslike owerheid aansoeke om sodanige amp op die voorgeskrewe wyse aanvra.

(2) Die kennisgewing vereis by subartikel (1) moet—

(a) die graad van die plaaslike owerheid soos deur die Minister ingevolge artikel 11 (3) gespesifiseer;

(b) die aard van die registrasie verlang van persone wat sodanige plaaslike owerheid toegelaat word om, ingevolge artikel 13 (1), in die amp van stadsklerk aan te stel,

bepaal en moet meld dat slegs aansoeke van persone wat aldus geregistreer is of wat in aanmerking kom om aldus geregistreer te word, oorweeg sal word.

(3) Ondanks die bepalings van artikel 13, kan 'n plaaslike owerheid wat aansoeke ingevolge subartikel (1) aangevra het, iemand in die amp van stadsklerk aanstel wat nie paslik geregistreer is vir aanstelling deur sodanige plaaslike owerheid nie, wat—

(a) aan die vereistes van artikel 12 ten opsigte van sodanige registrasie voldoen; en

(b) dokumentêre bewys van die Registrateur voorlê dat—

(i) 'n aansoek om sodanige registrasie ontvang is; en

(ii) die Raad sodanige aansoek sal toestaan as die applikant aldus deur die plaaslike owerheid aangestel word.

(4) Indien 'n plaaslike owerheid iemand in die amp van stadsklerk aanstel, moet hy die Registrateur onverwyld skriftelik van die aanstelling in kennis stel en die Registrateur moet die inskrywing wat nodig is in die toepaslike register maak.

Dissiplinêre verrigtinge

17. (1) Die tugkomitee kan op die voorgeskrewe wyse, met inbegrip van die aanstelling deur hom van een of meer assessore om hom van advies te bedien, ondersoek instel na gevalle van beweerde onbehoorlike gedrag of wangedrag van persone wat ingevolge hierdie Wet geregistreer is en kan enige straf voorsien in subartikel (6) ten opsigte daarvan oplê.

(2) Indien die beweerde onbehoorlike gedrag of wangedrag die onderwerp van straf- of sivielregtelike verrigtinge in 'n geregshof uitmaak of na die mening van die tugkomitee waarskynlik sal uitmaak, kan die tugkomitee die ondersoek uitstel totdat sodanige verrigtinge afgehandel is.

Consideration of applications

15. (1) The Council shall consider every application for registration and re-registration and may—

(a) subject to the provisions of section 12, grant or reject any application: Provided that if the application is for re-registration, the Council may, in its discretion, reject such application or grant it subject to such conditions as it may impose; or

(b) postpone a decision for further information or investigation.

(2) If the Council—

(a) grants an application for registration or re-registration, the Registrar shall record such decision in the appropriate register and issue to the applicant a registration certificate in the form determined by the Council;

(b) rejects an application, the Registrar shall in writing inform the applicant of the decision taken,

and in the event of the applicant being employed as a Town Clerk, the Registrar shall also inform the local authority concerned of the grant or rejection of his application.

The appointment of Town Clerks

16. (1) Whenever the office of town clerk becomes vacant, the local authority concerned shall cause applications for such office to be invited in the manner prescribed.

(2) The notice required by subsection (1) shall specify—

(a) the grade of the local authority as specified by the Minister in terms of section 11 (3);

(b) the nature of the registration required of persons whom such local authority is permitted, in terms of section 13 (1), to appoint to the office of town clerk,

and shall state that only applications from persons who are so registered or who are eligible to be so registered will be considered.

(3) Notwithstanding the provisions of section 13, a local authority which has invited applications in terms of subsection (1) may appoint to the office of town clerk any person who is not suitably registered for appointment by such local authority who—

(a) complies with the requirements of section 12 in respect of such registration; and

(b) produces documentary proof from the Registrar that—

(i) and application for such registration has been received; and

(ii) the Council will grant such application if the applicant is so appointed by the local authority.

(4) If a local authority appoints a person to the office of town clerk it shall forthwith in writing notify the Registrar of the appointment and the Registrar shall make such entry in the appropriate register as may be necessary.

Disciplinary proceedings

17. (1) The disciplinary committee may in the manner prescribed, including the appointment of one or more assessors by it to serve it with advice inquire into cases of alleged improper conduct or misconduct of persons registered in terms of this Act and may impose in respect thereof any penalty provided for in subsection (6).

(2) If the alleged improper conduct or miscounduct forms or in the opinion of the disciplinary committee is likely to form the subject of criminal or civil proceedings in a court of law, the disciplinary committee may postpone the inquiry until such proceedings have been determined.

(3) By sodanige ondersoek kan die aangeklaagde persoonlik verskyn of deur 'n advokaat of prokureur of iemand anders wat deur hom aangestel is, verteenwoordig word.

(4) Die bepalings van artikels 3, 5 en 6 van die Kommissiewet, 1947 (Wet 8 van 1947), is *mutatis mutandis* van toepassing op die tugkomitee ten opsigte van alle dissiplinêre aangeleenthede en by die toepassing van—

(a) artikel 3 (2) van gemelde Wet, word die verwysing daarin na sekretaris, geag 'n verwysing na Registrateur te wees; en

(b) artikel 3 (4) van gemelde Wet, word die verwysing daarin na staatsfondse, geag 'n verwysing na die fondse van die Raad te wees.

(5) By die beëindiging van die ondersoek kan die tugkomitee—

(a) die klag teen die aangeklaagde afwys; of

(b) hom skuldig bevind aan onbehoorlike gedrag of wangedrag.

(6) Indien die tugkomitee die aangeklaagde skuldig bevind aan onbehoorlike gedrag of wangedrag, kan hy een of meer van die volgende strawwe oplê:

(a) Hom waarsku of betig;

(b) 'n boete oplê wat nie die bedrag van tyd tot tyd voorgeskryf, oorskry nie, wat binne 30 dae van die oplegging daarvan aan die Raad betaal moet word, tensy appèl ingevolge artikel 18 aangeteken word;

(c) sy registrasie vir 'n tydperk van hoogstens een jaar opskort; of

(d) sy naam skrap in die register waarin hy geregistreer is.

(7) Die tugkomitee moet sy bevinding boekstaaf en die Registrateur moet die aangeklaagde skriftelik van sodanige bevinding in kennis stel en indien daar na verstryking van die tydperk waarin 'n persoon ingevolge artikel 18 appèl mag aanteken, geen appèl aangeteken is nie, ook die klaer (indien enige) en die aangeklaagde se werkgewer.

(8) Indien die tugkomitee 'n aangeklaagde se naam uit 'n register skrap—

(a) en sodanige persoon is 'n stadsklerk, moet die plaaslike owerheid, ondanks die bepalings van enige ander wet—

(i) binne sewe dae na ontvangs van die kennisgewing bedoel in subartikel (7); of

(ii) in geval van 'n appèl ingevolge artikel 18 teen sodanige skrapping wat nie gehandhaaf is nie, binne sewe dae na ontvangs van die kennisgewing bedoel in artikel 18 (3),

sy dienste as stadsklerk summier beëindig;

(b) moet hy binne die tydperk in subparagraaf (a) (i) of (ii) bedoel, na gelang van die geval, die registrasiesertifikaat wat ingevolge artikel 15 (2) aan hom uitgereik is, aan die Registrateur terugbesorg.

